Skrap invoertarief op songeisers, vra bedryf

Francois Williams,
Ondanks Chinese invoerders wat aggressief die Suid-Afrikaanse mark vir sonwaterverhittingstelsels betree, wil die plaaslike songeiserbedryf hê die huidige invoertarief van 15% op songeisers moet verwyder word.
Mnr. Dylan Tudor Jones, voorsitter van die sonwaterverhittingsafdeling van die vereniging van volhoubare energie van Suid-Afrika (Sessa), sê hy was ’n paar weke - gelede by ’n werksessie by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) in Genève, Switserland, oor die verwydering van perke op groter handel in hernieubare-energietegnologie.
Tudor Jones sê die WHO is in elk geval besig om handelstariewe te verlaag, en ’n nultarief is nodig om die groter gebruik van hernieubare energie aan te moedig.
Invoertariewe is net nog ’n koste wat verbruikers ontmoedig om songeisers te koop.
Hy sê die plaaslike vervaardiging van songeisers vind nog op ’n baie klein skaal plaas, en totdat die bedryf plaaslik ontwikkel het om ’n geoutomatiseerde vervaardigingsaanleg te regverdig, sal op invoer staatgemaak moet word.
Tudor Jones is nie besorg oor die oënskynlike instroming van goedkoop songeisers uit China nie. Volgens hom dien die vereistes van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde as ’n versperring vir van dié produkte.
Op die hernieubare-energie-uitstalling by verlede week se Solar World Congress in Sandton was daar 16 Chinese uitstallers uit die totaal van sowat 60.
Van dié uitstallers het die uitstalling gebruik as hul eerste toetrede tot die Suid-Afrikaanse mark, en het songeisers van sowat $160 (R1 170) tot $199 (R1 455) gebied.
Saam met invoerbelasting en verskepingskoste sal die $160-songeiser sowat $250 (R1 830) kos, het een Chinese invoerder gesê. Dit is veel meer bekostigbaar as die bestaande pryse wat verbruikers vir plaaslik vervaardigde of ingevoerde songeisers uit Israel, die VSA en Europa moet betaal, al is die Eskom-subsidie ingesluit.
Mnr. Helmut Hertzog, besturende direkteur van die plaaslike vervaardiger Atlanticsolar, sê egter die skrap van invoertariewe is onregverdig teenoor ’n gevestigde songeiser-maatskappy soos syne wat al 25 jaar sake doen.
Hy meen die geweldige instroming van goedkoop songeisers van China sal die plaaslike vervaardigingsbedryf knou.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published